Rapport

# Rapport online 28.06.09
# Koos Kombuis: Frustrasie op Wellington se stookspoor

…“Nou’s ek darem baie dors,” sê ek vir my vrou toe ons vir die soveelste keer verdwaal. “En honger ook.”

“Volgens die toeristeburo se brosjures is daar ’n vyfster-restaurant op die Bainskloof-pad,” sê sy. “Hulle naam is Vercellis.”

Maar die Vercellis-restaurant, vind ons sowat ’n halfuur later uit, is reeds twee jaar gelede gesloop.

Eindelik – vreugde op vreugde! – beland ons per pure toeval op ’n plaas met die naam Oude Wellington. Dit is die enigste oorblywende brandewyn-plaas wat “oop” is “vir die publiek”, maar dis nie op die plek waar die toeristeburo se kaart gesê het dit is nie. (Het hulle getrek en vergeet om die toeristeburo van hul nuwe adres te verwittig?)

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend



Hulle verkoop wel brandewyn en, hoewel dit nie so aangedui is op die brosjure nie, het hulle ook ’n restaurant.

Ons smul ons knuppeldik en my vrou drink amper ’n hele bottel droë witwyn. Ná die ete besoek ek die proe-lokaal. Oude Wellington maak hul eie brandewyn van fantastiese gehalte. Byna so lekker soos Backsberg s’n! ...